

SONDAG 43

VRAAG EN ANTWOORD: 112

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat eis die negende gebod?			
Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê,	1	Spreuke 19:5 Spreuke 19:9 Spreuke 21:28	'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie. 'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om. 'n Leuenagtige getuie kom om; maar 'n man wat goed toeluister, spreek vir altyd.
		'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, kom nie vry nie. 'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, gaan tot niet. 'n Vals getuie gaan sy dood tegemoet. 'n Betroubare getuie se getuienis het betekenis.	
	niemand se woorde verdraai,	2	Psalm 15:3
nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie,	3	Psalm 50:19-20	Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. As jy jou mond oopmaak, praat jy kwaad; jou tong ryg bedrog aanmekaar. Jy sit en praat teen jou broer, jou eie broer beswadder jy.
		Romeine 1:30	nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvindings van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers
niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie,	4	Matteus 7:1-2	Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. "Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.
		Lukas 6:37	En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. "Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.
Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel	5	Johannes 8:44	Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.
se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor	6	Spreuke 12:22	Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehag in die wat getrou handel. Die Here het 'n afsku van leuenaars; Hy hou van betroubare mense.
		Spreuke 13:5	Die regverdige haat leuentaal, maar die goddelose Die regverdige haat leuens; die goddelose maak hom

my wil bring			maak gehaat en handel skandelik.	gehaat en veragtelik.
nie. In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely.	7	1 Korintiërs 13:6	is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.	Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.
		Efesiërs 4:25	Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.	Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.
My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder	8	1 Petrus 4:8	Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.	Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.